

Die Bybel het twee kante

Die Bybel is 'n boek met twee kante, 'n menslike kant en 'n Goddelike kant.

Dat die Bybel 'n menslike kant het, is maklik om aan te toon. Party van die 66 boeke van die Bybel se outeurs is bekend. Dit is byvoorbeeld Paulus wat die brief aan die Romeine geskryf het. In ander gevalle is dit onseker of heeltemal onbekend wie die skrywers van die betrokke Bybelgedeeltes is, maar dat dit deur mense geskryf is, staan vas.

Neem die Psalms byvoorbeeld. Daar kry 'n mens die stemme van verskillende mense met verskillende emosies. In die bekende Psalm 23 is dit iemand wat tevrede is en aan God die eer daarvoor gee. In Psalm 130 is dit iemand wat uit die dieptes van ellende na God roep. In Psalm 148 is dit iemand wat die hele skepping oproep om die Here te prys.

Ons lees van mense se liefdesvreugde in Hooglied en van hul diep ellende in Klaagliedere. Mense met hul wye spektrum van emosies kom aan die woord in die Bybel. Hul menslikheid word nooit weggesteek of ontken nie. Daarom is die Bybel, bewysbaar, deur en deur 'n menslike boek.

Aan die ander kant bely Christene deur die eeue dat die Bybel ook 'n Goddelike boek is. Dit is nie 'n wetenskaplik kontroleerbare feit nie, maar 'n geloofuitspraak. Hoe graag 'n gelowige dit ook sou wou doen, dit kan nie bewys word nie.

Die feit dat ons nie kan bewys dat die Bybel 'n Goddelike boek is nie, doen egter geen afbreuk aan die sekerheid waarmee gelowiges dit glo nie. Kinders van God hoor sy stem deur die Bybel. Hulle kry leiding vir die lewe uit die Bybel en hulle glo dat dit leiding is wat van God af kom. Daarom dat die Bybel deur die eeue en in verskillende Christelike tradisies 'n rigsnoer vir die kerk gebly het.

Op die oog af mag dit lyk asof dié twee, die feit dat die Bybel 'n menslike boek is en die belydenis dat die Bybel 'n Goddelike boek is, teenoor mekaar staan, maar dit is nie die geval nie. Albei is vir gelowiges gelyktydig en volledig waar.

Om die waarheid te sê, vir gelowiges bied dit juis troos dat die twee saam waar is, want dit wys vir ons dat God deur mense by sy skepping betrokke is. Hy staan nie los van die wêreld en gryp elke nou en dan van buite af in nie. Hy is ook nie net teenwoordig in bo-natuurlike of buitengewone gebeure nie. Juis in die alledaagse gang van sake, daar waar mense leef, is Hy ook betrokke by die wêreld.

Dikwels is dit juis waneer een van die twee kante van die Bybel ontken of onderbeklemtoon word, dat 'n mens interpretasies van die Bybel kry waarvoor gelowiges versigtig moet wees.

As iemand die Bybel se menslike kant ontken, maak hulle maklik daarvan 'n orakelboek waarmee hulle ander probeer manipuleer. Hierteenoor verlaag mense wat die Bybel se Goddelike kant ontken, dit tot maar net nog 'n versameling antieke geskrifte.

'n Goeie gelowige hantering van die Bybel hou altyd vas daaraan dat dit deur en deur 'n menslike boek is en gelyktydig ook deur en deur 'n Goddelike boek.

002

Die Woord van God

In die Christelike tradisie het die Bybel bekend geword as die "Woord van God". Dis belangrik om mooi te besin oor wat presies daarmee bedoel word, omdat dit soms tot misverstand aanleiding gee by gebruikers van die Bybel.

So gebeur dit soms dat mense met baie respek vir die Bybel juis op grond van hierdie benaming aanvoer dat elke woord in die Bybel direk van God af kom. Dit mag baie vroom klink, maar dit is redelik maklik om aan te toon dat dit nie 'n goeie interpretasie is nie.

Sommige woorde in die Bybel is baie duidelik woorde van mense wat tot God gerig is. Dink maar aan Psalm 5:2-3: "Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug. Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek."

Sommige woorde in die Bybel is woorde wat God se teenstanders toegeskryf word. Dink maar aan die slang se woorde in Genesis 3, of aan die Skrifgeleerdes in Markus 3:22 wat van Jesus sê: "Hy is van Beëlsebul besete!" Dit is tog nie woorde wat direk aan God toegeskryf kan word nie.

In 1 Korintiërs 7: 10 en 12 is daar nog 'n interessante voorbeeld. Eers skryf Paulus dat een voorskrif wat hy gee, nie van hom af kom nie, maar van God af. Net daarna skryf hy egter oor 'n ander voorskrif pertinent dat dit nie van God af kom nie, maar van hom af.

As 'n mens nie elke woord in die Bybel direk aan God kan toeskryf nie, wat beteken die frase "Woord van God" dan?

Dis belangrik om te sien dat die Bybel die "Woord van God" genoem word, en nie die "Woorde van God" nie.

Daarby dui die woord "woord" dikwels op afsonderlike woorde, maar nie altyd nie. Dit het ook die betekenis van 'n aantal woorde wat saam 'n boodskap oordra. Dink maar iets soos 'n "spreekwoord" of idioom. Iets soos "Hy loop twee rye spore". Dit bestaan uit verskillende woorde wat saam een boodskap oordra. Ons sê ook dat iemand sy woord gegee het, en dan bedoel ons dat hy 'n belofte of onderneming gemaak het wat dikwels uit 'n klomp woorde sou bestaan.

Hierdie tweede betekenis van "woord", as 'n versameling woorde wat een boodskap oordra, kom ter sprake as ons na die Bybel verwys as die "Woord van God". Dis 'n groot versameling van woorde waardeur ons God se boodskap hoor. Dis woorde wat nie almal direk van God af kom nie, waarvan 'n klein minderheid inderwaarheid direkte uitsprake van God is. Tog is dit meestal menslike woorde wat vir die gelowige so saamwerk dat 'n mens deur die geheel daarvan God se stem kan hoor, dat 'n mens daaruit sy boodskap vir sy mense deur die eeue kan hoor.

'n Mens sien iets hiervan in verskillende Bybelvertalings. In die 1933/53-vertaling (of ou vertaling) van die Bybel in Afrikaans, sê Ehad byvoorbeeld in Rigters 3:20 aan koning Eglon: "Ek het 'n woord van God aan u!" In die 1983 vertaling lui dit: "Ek het 'n boodskap van God vir u."

Die frase "woord van God" word ook in die 1983-vertaling (of nuwe vertaling) in die Nuwe Testament gebruik met die betekenis van die "boodskap van God". Vergelyk byvoorbeeld 2 Korintiërs 4:2: "... ons vervals nie die woord van God nie".

Omdat gelowiges glo dat 'n mens God se boodskap deur die Bybel hoor, en omdat gelowiges deur die eeue dit so beleef het en so daarvoor getuig, kan hedendaagse gelowiges steeds met vrymoedigheid praat van die Bybel as die Woord van God.

'n Laaste gedagte. As die evangelie van Johannes (Johannes 1) praat van die Woord, word daar nie na die Bybel verwys nie, maar na Jesus. Hy is in die eerste plek die Woord van God. Sy koms en sy lewe is God se boodskap van liefde aan ons.

Ons glo in die eerste plek aan Jesus as die Woord van God. Die Bybel is slegs in die tweede plek die Woord van God wat van Hom getuig.

003 Onfeilbaar?

Een van die eienskappe wat dikwels aan die Bybel gekoppel word, is onfeilbaarheid. Hoe kan daar foute in die Bybel wees? Dis dan die Woord van God, word daar geredeneer. God maak mos nie foute nie.

Dié soort argument word dikwels gevoer deur mense wat hul respek en ontsag vir die Bybel wil beklemtoon. Hulle doen dit omdat hulle daardeur die basis van hul Christelike geloof wil versterk, omdat hulle wil sê dat die Bybel betroubaar is.

Tog moet 'n mens mooi verstaan wat presies word bedoel met onfeilbaarheid en wat presies is die beperkinge van hierdie aanspraak. Dit is immers maklik om verskeie teenstrydigehede in die Bybel aan te toon. Kom ons kyk net na 'n paar:

■ Volgens die skeppingsverhaal in Genesis 1 het God op die derde dag plante gemaak en eers op die sesde dag die mens. Van Genesis 2:4 af, lees 'n mens egter 'n tweede skeppingsverhaal waarin eers die mens gemaak word (vers 7) en daarna die plante (vers 8 en 9).

■ Volgens die geboorteverhaal van Jesus in Matteus, het Josef en Maria met die baba Jesus van Betlehem na Egipte gevlug (Matteus 2:13-15). In Lukas se geboorteverhaal is hulle van Betlehem af na die tempel in Jerusalem en daarvandaan terug na hul tuisdorp Nasaret (Lukas 2: 22 en 39).

■ Die vier evangelies se verhale van Jesus se opstanding, die leë graf en die eerste getuies verskil ook. Om maar net een aspek uit te wys: Volgens Matteus 28 gaan twee vroue (Maria Magdalena en die ander Maria) na die graf. Markus 16 vertel van drie vroue (Salome is ook by). In Lukas 24 lees ons dat 'n aantal vroue, onder wie die twee Marias, graf toe gaan. In Johannes 20 is dit net Maria Magdalena wat na die graf toe gaan.

Wat maak 'n mens met dié en ander soortgelyke teenstrydigehede? Beteken dit die Bybel is vol foute? Maak dit die Bybel onbetroubaar?

Miskien help dit om te kyk na hoe die Bybelboeke ontstaan het. Ná Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart het gelowiges jare lank hierdie verhale aan mekaar oorvertel. Bitter min mense kon destyds lees of skryf en sulke inligting is mondelings van geslag tot geslag oorgedra. Geleerdes meen die vroegste van die evangelies is eers drie of vier dekades ná die Paasgebeure neergeskryf.

Die evangelies wou soveel jare later vertel van die verskyning van die opgestane Jesus aan sy volgelinge. Die doel was om geloofswaarhede oor te dra, nie om die geskiedenis tot in die fynste detail akkuraat te rapporteer nie. Dit gaan nie oor hoeveel vroue by die graf was nie, maar oor Jesus se opstanding uit die dood.

Die Bybel is nie 'n onfeilbare geskiedenisboek nie, net soos dit nie 'n onfeilbare wetenskapshandboek of aardrykskundeboek is nie. Dit is 'n betroubare geloofsboek.

Om die Bybel as gekiedenisboek te probeer hanteer en dan te sê dit is vol foute, is soos om 'n spyker met 'n bottel te probeer inslaan. As die bottel breek, is dit nie omdat daar fout met die bottel as nie, maar dis omdat dit verkeerd gebruik is.

In aansluiting by die vorige twee hoofstukke sou 'n mens ook kon sê die "foute" lê aan die menslike kant van die Bybel, nie aan die Goddelike kant nie. 'n Mens sou kon sê die Woord van God lê in die boodskap van die Bybel, nie op die vlak van die fyn detail van individuele woorde nie.

Uiteindelik kan Christene soos gelowiges deur die eeue glo dat as hulle die Bybel as op die regte manier as 'n geloofsboek lees, dan kan hulle vertrou dat God daardeur betroubare leiding vir hul lewens gee.

004

'n Mosaïek

Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen 'n legkaart en 'n mosaïek. In albei gevalle word 'n groot prent uit klein stukkies opgebou.

Daar is egter ook 'n belangrike verskille. By 'n legkaart is die stukkies dele van dieselfde prentjie wat net van mekaar losgesny is; by 'n mosaïek is dit stukkies wat dikwels geen verband met mekaar het nie, wat langs mekaar geplaas word. In 'n legkaart sluit die stukkies in die fynste besonderhede by mekaar aan; in 'n mosaïek raak die stukkies dikwels nie eens aan mekaar nie. Met 'n legkaart kan 'n mens nader gaan en die fyn detail bewonder; met 'n mosaïek moet 'n mens terugstaan en die groter prentjie raaksien.

Die Bybel is in belangrike opsigte meer soos 'n mosaïek as soos 'n legkaart.

So bestaan dit uit 66 verskillende boeke wat dikwels nie direk by mekaar aansluit nie. Tog vertel dit saam die groot verhaal van God se liefde vir mense.

Dis nie net 66 verskillende boeke nie, maar in die boeke is daar uiteenlopende soorte skryfwerk. Party gedeeltes vertel verhale. Dink maar aan die bekende verhale van Josef, Simson en Dawid. Ander gee voorskrifte, soos die tien gebooie in Eksodus 20. Sommige bevat gedigte, soos die Psalms. Nog ander is briewe met troos en bemoediging, soos dié van Paulus in die Nuwe Testament. Dis maar 'n paar voorbeelde. Daar is meer.

Dis belangrik om elke boek en elke soort skryfwerk te verstaan vir wat dit is, maar ook te sien dat dit saam 'n groter verhaal vertel.

Soos by 'n mosaïek moet 'n mens terugstaan en na die groter prentjie kyk om die boodskap die beste te verstaan.

'n Mens moet versigtig wees om een vers te vat en dit te gebruik asof die volle Woord van God daarin opgesluit is. As 'n mens fokus op 'n individuele blokkie in 'n groot mosaïek, gaan die groot prentjie van die mosaïek maklik verlore.

Die spreekwoord "elke ketter het sy letter" is nie verniet daar nie. 'n Mens kan omtrent enigiets uit die Bybel regverdig as jy net individuele versies kies en jou argument daarop bou. Een van die beste voorbeelde hiervan, vind 'n mens waar mense losstaande Bybelversies aanmekaar las om uit te kom by 'n voorspelling van wanneer die wêreld tot 'n einde sal kom. Die geskiedenis het gewys hulle is altyd verkeerd.

As 'n mens die hele deel lees waaruit die vers kom en dit boonop vergelyk met ander gedeeltes van die Bybel, help dit dikwels om verkeerde interpretasies te keer.

In die ontstaan van die Bybelboeke is die teks in elke geval nie eens in verse ingedeel nie. Die versindeling is eers heelwat later gedoen om te help dat 'n mens 'n betrokke plek in die Bybel kan vind. Die Bybelboeke het lang aaneenlopende stukke teks bevat en dis gewoonlik belangrik om eers 'n hele gedeelte te lees om te verseker dat jy 'n spesifieke teksvers reg kan verstaan.

'n Ander manier om dieselfde boodskap oor te dra, is om te sê 'n mens moet onderskei tussen sentrale temas en randkwessies in die Bybel. Die sentrale kwessies is die groot temas. Dnk maar aan groot temas soos God se liefde en genade vir mense, mense se opstand en ongehoorsamheid aan God, maar ook inkeer en berou. Dit is belangrike lyne in die groot prent wat deur die mosaïek geteken word.

Die randkwessies is soos die individuele blokkies van die mosaïek. Dink aan kwessies soos die lengte van die hare langs mans slape (Levitikus 19:27) of hoede vir vroue (1 Korintiërs 11:5). Dis nie waaroor dit gaan nie.

005

'n Leesmodel

Die heel basiese model om enige vorm van kommunikasie te verduidelik, lyk so: **S -> O**. Dit bestaan uit 'n sender (S), 'n boodskap (die pyltjie) en 'n ontvanger (O).

Byvoorbeeld: As 'n ma op haar kind skree, is die ma die sender, die woorde wat sy skree, is die boodskap, en die kind is die ontvanger. As daar 'n groot advertensiebord langs die pad staan, is die maatskappy wat adverteer en sy advertensieagentskap die sender, die woorde en foto's op die bord is die boodskap en die mense wat daar verbyry en dit sien, is die ontvangers. As 'n jong meisie vir 'n oulike jong man glimlag, is sy die sender, die glimlag is die boodskap en die jong man is die ontvanger wat moet ontsyfer wat daardie glimlag-boodskap beteken.

Met die Bybel raak dit 'n bietjie ingewikkelder. Aan die een kant sou 'n mens kon sê God is die Sender, die Bybelse teks is die boodskap en ons is die ontvangers. 'n Mens sou dit só kon voorstel: God -> ons.

Maar terselfdertyd sou 'n mens ook kon sê as 'n mens die brief aan die Romeine neem, is die apostel Paulus die skrywer, die woorde in die brief is die boodskap en die gemeente in Rome is die ontvanger (Romeine 1:1-7). Die model sou dan só lyk: Paulus -> Romeine.

Of by die evangelie van Lukas is Lukas die skrywer, die evangelie self is die boodskap en Teofilus is die ontvanger (Lukas 1:1-4). Dit lyk dan só: Lukas -> Teofilus.

Hoe versoen 'n mens dié twee oënskynlik teenstrydige sienings met mekaar? Immers lyk dit of albei van hulle waar kan wees, maar ook asof hulle in botsing met mekaar staan.

Om vir albei van dié perspektiewe ruimte te gee, is 'n model nodig wat vir 'n dubbele kommunikasieproses voorsiening maak. Dit lyk só: **God -> (OS -> OL) -> ons**, waar die OS staan vir die oorspronklike skrywer en die OL vir die oorspronklike leser.

Soos met wiskunde moet 'n mens eerste aandag gee aan dit wat tussen hakies staan. By die lees van die Bybel, moet 'n mens dus eerste vra wat die oorspronklike skrywer vir die oorspronklike leser wou sê. Byvoorbeeld: wat is die boodskap wat Paulus in sy brief aan die gemeente van Rome wou oordra?

In die res van die Bybel is dit soms moeilik, want dit is nie altyd met die eerste oogopslag duidelik wie die oorspronklike skrywers en die oorspronklike lesers was nie. Daarmee kan Bybelstudiegidse of kommentare egter dikwels help.

Nadat 'n mens die deel tussen hakies uitgesorteer het, kan 'n mens dan die res van die proses aanpak. Dan is die vraag: Wat wil God vandag vir ons sê deur die boodskap wat, byvoorbeeld, Paulus destyds aan die gemeente van Rome wou oordra.

Soms is dit duidelik. As Paulus vir die gemeente in Korinte sê die liefde is geduldig en vriendelik (1 Korintiërs 13:4), geld dit vandag nog net so.

Ander kere is dit egter ingewikkelder. As Paulus vir dieselfde gemeente skryf dat 'n vrou iets op haar kop moet hê as sy bid, was dit omdat daardie hoofbedekking in die destydse kultuur 'n aanduiding was dat die vrou nie losbandig is nie. Vandag dra 'n hoed glad nie meer daardie boodskap oor nie. Daarom lê God se boodskap vir mense van vandag nie daarin dat vroue hoede moet dra nie, maar dat vroue nie losbandig moet wees of of losbandigheid moet verkondig nie.

006 'n Groot kloof

Volgens die voorgestelde leesmodel is die eerste stap om te bepaal wat het 'n betrokke teksgedeelte in die Bybel vir die oorspronklike leser beteken. Wat dit moeilik maak is die groot kloof wat daar tussen moderne Westerse mense en die mense van antieke tye bestaan.

Dis nie net 'n kloof van sowat 2000 jaar of meer nie, maar ook 'n kloof wat kultuur, lewensbeskouing en ontwikkeling betref. Destydse mense het anders gedink as moderne westerlinge oor sake soos tyd, besittings, menseregte en menseverhoudinge.

Dit moet alles in ag geneem word as 'n mens probeer verstaan wat 'n spesifieke teks vir antieke mense sou beteken het.

Een van die groot verskille tussen toe en nou is mense se siening van hoe die wêreld lyk. Vir moderne westerlinge is die aarde 'n kleinerige bolvormige planeet wat om 'n baie groter son wentel binne 'n ontsaglike sterrestelsel wat maar een van ontelbare sterrestelsels in 'n onmeetlike ruimte is.

Antieke mense het niks hiervan geweet nie. Vir hulle was die aarde 'n plat skyf wat op pilare staan. Onder die aarde was 'n onderwêreld met water waar die doderyk geleë was. Bokant die aarde was 'n groot koepel wat die water bokant die aarde weggehou het van die aarde. Soms is daar sluis in dié koepel oopgemaak sodat die water bo die aarde in die vorm van reën afgeval het na die aarde toe. Die gebied bokant die aarde, ofte wel die hemele, was ook die domein van God of die gode.

Dit word soms die drieverdiepingwêreldbeeld genoem.

Ons sien die direkte neerslag van hierdie soort siening van die wêreld op verskeie plekke in die Bybel. In Genesis 1:6-8 lees ons byvoorbeeld dat God 'n "gewelf" of "uitspansel" of "hemelkoepel" gemaak het wat die waters daaronder van die water daarbo moet skei.

In Eksodus 20:2 word mense verbied om beelde te maak van wat in die hemel daarbo, op die aarde of in die water onder die aarde is.

Miskien die belangrikste voorkoms daarvan vir ons geloofsluwe is die siening van hemel en hel as spesifieke plekke, byvoorbeeld in die vertellings oor Jesus wat opgevaar het hemel toe. In 'n moderne wêreldbeskouing is daar nie plek vir 'n hemel bo die aarde of 'n doderyk onder die aarde nie.

Waar iets soos die hemel in die Bybel ter sprake kom, dink moderne gelowiges nie soseer aan 'n fisiese plek nie, as dalk 'n toestand van saligheid in die teenwoordigheid van God, of iets in 'n ander dimensie as wat moderne mense met hul wetenskap ken.

'n Mens sou iets soos die hemelvaart van Jesus dan kon beskryf as sy oorgang na 'n ander bedeling of 'n ander dimensie wat ons nie nou kan begryp nie, maar wat deur sy volgelinge beskryf is in terme van die wêreldbeeld wat hulle geken het.

Die punt bly egter dat 'n moderne mens wat die Bybel wil verstaan, gedurig bewus moet wees van die groot kloof tussen die mense wat in Bybelse tye geleef het en die mense van vandag. 'n Mens moet veral versigtig wees om uitsprake wat in destydse omstandighede gemaak is, net so te verstaan as God se boodskap vir vandag se mense.